education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

GRAAD 10

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

JUNIE 2015

PUNTE: 80

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: LEESBEGRIP (VRAAG 1)	(30)
AFDELING B: OPSOMMING (VRAAG 2)	(10)
AFDELING C: TAAL (VRAAG 3, 4 en 5)	(40)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	50 minute
AFDELING B:	30 minute
AFDELING C:	40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord die vrae.

PADKOS

1 Dit is 'n Sondagoggend op Colesberg. Die Wimpy by een van die groot vulstasies wat alles van 'n kitsbank tot 'n créche het, is halfvol. Op die groot, plat TV bokant die hoektafel jaag F1-karre om 'n baan iewers waar dit groen en sonnig is. Dit lyk soos Oostenryk en op die oomblik is 'n Ferrari voor. Dis óf Kimi Räikkönen óf Felipe Massa en dit lyk kort-kort asof hulle teen die rand van die skerm gaan bots.

2 Die kelnerin is eenkant in 'n gesprek met 'n oom en tannie met gryskoppe. Die oom het 'n Sunrise Breakfast bestel, maar wil nie die aartappelkoekie hê nie. Hy wil eerder twee gebakte eiers hê "Dit is die Early Bird Breakfast," sê die kelnerin. Sy tik-tik met 'n oranje pen op haar notaboekie. "Nee, nee, dametjie ek wil nie tamaties hê nie. Dit gee my rumatiek wat my litte verwoes," antwoord die oom harder as wat nodig is.

3 Ek wag nog om te bestel en lees solank die gedagtes agterop die suikersakkies. Ek wonder wie se plan dit was. Ek weet dit maak nie regtig saak nie, maar dis die goed waaroor 'n mens wonder wanneer jy verveeld is – verveeld en honger.

4 Op die gelamineerde spyskaart is helder foto's van hamburgers en eiers wat onnatuurlik perfek gebak is. Ek soek nog die ou wat daai eiers gebak het. Ek is in elk geval nie lus vir 'n Early Bird of 'n Sunrise nie. Ek soek padkos, soos wat ouma en later jare haar skoonsuster, tannie Lizzie, vir ons ingepak het.

5 Padkos was 'n belangrike deel van enige reis – amper dié belangrikste. Of dit was vir die langpad terug Kaap toe ná 'n plaasvakansie in die Oos-Kaap of vir 'n daguitstappie na Aliwal-Noord of Queenstown, daar moes padkos wees. Padkos was 'n onmisbare ding. Daar was skynbaar geen verband tussen die hoeveelheid wat ingepak is en die afstand wat ons ry nie.

6 Oom Jan en tannie Lizzie, my ma se tannie, was nog altyd padkosmense en selfs toe hulle op oom Jan se oudag dorp toe getrek het, het hulle roetine nie verander nie.

7 Wanneer ons soggens vyfuur met 'n vakansie voor hulle huis gestop het, het die Tupperware-bakke reeds op die eetkamertafel gestaan. Daar was

altyd wors, toebroodjies en koue skaapboud wat in foelie toegedraai was.

8 Wanneer ons nie uit tannie Lizzie se Tupperware geëet het nie, was dit altyd *take-aways* by kafees langs die vulstasies waar pa petrol ingegooi het – soos die een op Beaufort-Wes.

9 Op dieTV het Räikkönen die Grand Prix gewen en die kelnerin het die geveg van die Early Bird Breakfast gewen. Dit is toe my beurt en sy vra of ek reg is om te bestel. Ek vra: "Het julle padkos?"

[Verwerk uit: *Weg! Stories*, 2014]

1.1 Haal SEWE OPEENVOLGENDE woorde aan wat aandui dat die vulstasie groter as die gewone is? (Paragraaf 1) (1)

1.2 Watter TWEE APARTE WOORDE gebruik die skrywer om die natuur waar die F1-resies plaasvind, te beskryf? (2)

1.3 Hoe weet ons dat die tannie en die oom al oud is? (Paragraaf 2) (1)

1.4 Watter aksie (handeling) van die kelnerin wys vir die leser dat sy ongeduldig is? (1)

1.5 Dink jy dat haar houding teenoor die mense reg is? Motiveer jou antwoord. (2)

1.6 Waarom wil die oom nie tamatie hê nie? (1)

1.7 Wat doen die spreker terwyl hy wag om te bestel? (1)

1.8 Waaroor wonder die spreker (Paragraaf 3)? (2)

1.9 Watter EEN WOORD in paragraaf 4 beskryf die manier waarop die eiers gebak is? (1)

1.10 Wat is padkos volgens die leesteks? (1)

1.11 Waarom, dink jy, het die vrouens altyd padkos ingepak? (1)

1.12 Waarom het oom Jan en tannie Lizzie dorp toe getrek? (1)

1.13 Watter familiebande is tussen die skrywer en tannie Lizzie? (1)

1.14 Met watter TWEE dinge assosieer die skrywer vir tannie Lizzie volgens paragraaf 6 en 7? (2)

1.15 Noem enige TWEE kossoorte wat tannie Lizzie altyd vir padkos ingepak het. (2)

1.16 Wat was die plaasvervanger vir padkos? (Paragraaf 8) (1)

1.17 Watter ooreenkoms is daar tussen die kelnerin en Räikkönen? (Paragraaf 9) (2)

1.18 Hoekom pas die skrywer se vraag in paragraaf 9 nie by 'n Wimpy nie? (1)

TEKS B: STROKIESPRENT

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae.



[Verwerk uit: www.google.com]

1.19 Wat is die bestuurder besig om te doen wat onwettig is? (1)

1.20 Watter boodskap stuur die skrywer met die SMS? (2)

1.21 Watter ander tipe vervoermiddel is in die prentjie sigbaar? (1)

1.22 Watter TWEE bewyse is daar dat die agterste bestuurder kwaad is? (2)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

INSTRUKSIES

1. Som die SEWE stappe om jou lewe beter te maak, op.
2. Skryf die stappe PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die stappe van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS C: MAAK JOU LEWE BETER

Ons raak te besig en vergeet van belangrike mense in ons lewens. Maak weer kontak met familie of vriende wat jy 'n leeftyd laas gesien het. Herbou bande met mense.

Dink aan al daardie takies wat ons altyd uitstel, soos om jou kas reg te pak. Dit voel dalk nie na 'n prioriteit nie, maar dit tap jou energie. Voltooi al hierdie lastige takies.

Kanselleer al daardie e-nuusbriewe wat jy nooit lees nie. Ruim tyd in en teken uit by al daardie webtuistes.

As jy jou dag met iets opbouends begin, voel dit sommer of jy al berge versit het. Vermy sosiale netwerke die eerste uur van jou dag. Gaan help met die skottelgoed en maak jou bed op.

Studies bewys mense wat drukkies gee, het meer oksitosien. Dit is die hormoon wat jou laat goed voel en stres verminder.

Probeer om 'n hele naweek lank geen geld uit te gee nie. Jy kan pret hê sonder om 'n sent te bestee – lees of nooi vriende oor vir bordspeletjies.

Kry bietjie oefening. Jy hoef nie 5km te gaan draf nie. Begin klein en verbrand kilojules maklik – klim in die winkelsentrum die trap pleks van die neem van die roltrap of neem by die skool deel aan sport.

[Verwerk uit: *Huisgenoot,* 05 Februarie 2015]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3: ADVERTENSIE

TEKS D

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute kom voor.

dialdirect

versekering, vergemaklik

Koop versekering aanlyn en betaal 10% (3.3) **(min).**

- (3.4) **Kis** die premie wat jou sak en behoeftes pas.
- Of kry jou eie polis volgens die dekking wat jy wil hê.
- Of bondel produkte saam om dekking te kry vir die dinge wat vir jou saak maak.
- Gesels met ons aanlyn-(3.5)ondersteuning+span wanneer jy aanlyn-bystand verlang.
- Spandeer jy meer tyd op die dinge waarvoor jy lief is (3.6).

Om versekering aanlyn te koop gaan vandag na dialdirect.co.za

Vir 'n standaard-kwotasie skakel 0861 55 50 07 of SMS 'maklik' na 41052 en ons sal jou terugbel.

[Verwerk uit: *Huisgenoot* 06 November 2014]

3.1 Waarom is dialdirect in groot vetgedrukte letters geskryf? (1)

3.2 Noem TWEE maniere hoe dialdirect dit vir jou makliker maak om versekering te kry. (2)

3.3 Gee die VERGROTENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Koop versekering aanlyn en betaal 10% (min). (1)

3.4 Maak die SPELFOUT van die woord tussen hakies reg.

(Kis) die premie wat jou sak en behoeftes pas. (1)

3.5 Vorm 'n SAMESTELLING van die woord tussen hakies.

Gesels met ons (ondersteuning + span) wat jou kan help. (1)

3.6 Skryf die volgende sin oor en verbeter die LEESTEKENFOUT.

Spandeer jy meer tyd op die dinge waarvoor jy lief is? (1)

3.7 Skryf die sin in die korrekte WOORDORDE oor.

Gaan (om versekering aanlyn te koop)(na dialdirect.co.za.)(vandag). (1)

3.8 Vervang die woorde tussen hakies met die korrekte VOORNAAMWOORD.

Ek kan dialdirect skakel om 'n kwotasie vir (ek) te kry. (1)

3.9 Voltooi die onderstaande sin met die ontbrekende WERKWOORD.

.... 'n SMS aan dialdirect as jy in versekering belangstel. (1)
[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

TEKS E

- Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande strokiesprent gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

[Verwerk uit: www.google.com]

4.1 Gee 'n SINONIEM vir **menu** in Raampie1. (1)

4.2 Kies die die korrekte antwoord.

In Raampie 2 bestel die pa duur kos vir sy seun, want ...

A die pa is suinig.
B sy seun verdien dit.
C hy betaal nie vir sy seun se kos nie.
D hy is baie lief vir sy seun. (1)

4.3 Hoe weet jy dat die seun baie bly is oor die kos wat sy pa vir hom bestel? (Raampie 2) (1)

4.4 Skryf die volgende sin in die INDIREKTE REDE.

Die pa sê: "Ek sal 'n Fanta en 'n worsbroodjie neem." (2)

4.5 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Die (koud) sjokoladesous is lekker saam met roomys. (1)

4.6 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

(Kind) eet gratis! (1)

4.7 Gee 'n SINONIEM vir die woord tussen hakies.

Jou kind kan (gratis) eet. (1)

4.8 Die woord **wag** in raampie 5 beteken om iewers te bly tot iets gebeur.

Gebruik die HOMONIEM van **wag** in 'n volsin sodat dit 'n ander betekenis het. (1)

4.9 Voltooi die VERGELYKING. (Raampie 5)

Die roomys is so soet soos ... (1)
[10]

VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

5.1 TEKS F

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.



WEES GELDSLIM

Jy dink dalk jy is te (5.1.1) jonk om jou oor grootmensgoed soos spaar, versekering of pensioen te bekommer. Maar eintlik is 'n mens nooit te jonk of te (5.1.2) platsak om te begin spaar nie.

Nou is eintlik die beste tyd om slim met jou geld te word, sê Idris Seedat. "'n Jong mens se (5.1.3) finansies/finansiële voordeel is tyd, want enige belegging sal groei met saamgestelde rente. Dit beteken jou geld verdien rente op rente en selfs 'n klein (5.1.4) bedrag kan dan later 'n groot (5.1.5) help wees".

Die punt is: Begin betyds spaar, dit is die (5.1.6) goed.

(5.1.7) Verminder jou uitgawes. Besluit hoeveel jy elke maand kan wegsit. As jy ekstra geld kry, spaar altyd 'n deel daarvan. Voor jy iets koop, dink: (5.1.8) "Het ek dit regtig nodig?"

Moenie onnodig geld uitgee nie. Aftrede voel dalk baie ver weg, veral as jy nog op skool is. Maar as jy gouer begin, beteken dit jou geld het meer tyd om te groei. Laat die (5.1.12) bestuurder van jou bank jou help om 'n spaarekening te begin.

As jy nog jonk is, is dit die perfekte tyd om vir jou oudag te begin spaar. Wees geldslim en sorg so vir jou (5.1.13)verlede.

[Verwerk uit: *Huisgenoot, 19 Februarie 2015*]

5.1.1 Gee die INTENSIEWE vorm van die woord tussen hakies.

Al is jy (jonk), kan jy begin spaar. (1)

5.1.2 Kies die korrekte BETEKENIS van die IDIOOM.

Jy is platsak beteken ...

A jou sak is vol geld.
B jou sak is plat.
C jy het baie geld.
D jy het niks geld nie. (1)

5.1.3 Kies die korrekte woord tussen hakies.

'n Jong mens se (finansies/finansiële) voordeel is tyd. (1)

5.1.4 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

'n Klein (bedrag) kan 'n goeie neseier word. (1)

5.1.5 Skryf die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Enige bedrag kan later 'n groot (help) wees. (1)

5.1.6 Skryf die OORTREFFENDE trap van die woord tussen hakies.

As jy betyds begin spaar, is dit die (goed). (1)

5.1.7 Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD tussen hakies

Verminder jou uitgawes. Besluit hoeveel jy elke maand kan wegsit. (sodat)

Begin so: Verminder jou uitgawes ... (1)

5.1.8 Verander die VRAAGSIN na 'n STELSIN.

Het ek dit regtig nodig? (1)

5.1.9 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Jy het betyds begin spaar. (1)

5.1.10 Skryf die volgende sin in die LYDENDE VORM.

Ek spaar 'n deel van my geld. (1)

5.1.11 Skryf die volgende sin in die VERLEDE TYD.

Ek gee onnodig geld uit. (2)

5.1.12 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die woord tussen hakies.

Laat die (bestuurder) van jou bank help om 'n spaarekening te open. (1)

5.1.13 Skryf die ANTONIEM van die woord tussen hakies neer.

Sorg so vir jou (verlede). (1)

5.2. **TEKS G**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande prent gebaseer.

[Verwerk uit: www.google.com]

Gebruik die woorde in die lys hieronder om die sinne (5.2.1 – 5.2.6) te voltooi.

langs; teen;	kitaar; voetenent;	dromme; laai;	agter; onder;	deurmekaar; agtergrond;

5.2.1 Die seun se ma trek sy kas se ... oop. (1)

5.2.2 Daar is 'n groot plakkaat ... sy muur. (1)

5.2.3 Die seun sit by sy bed se ... (1)

5.2.4 Hy sit en speel sy ... (1)

5.2.5 Sy kamer is baie ... (1)

5.2.6 Die stukkende lamp staan ... sy bed. (1)
[20]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou